HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 29 VAN 2021

12 Julie 2021

Geagte Ouer/Voog, Personeel en Leerder

Ons President het gisteraand aangekondig dat skole eers op 26 Julie 2021 gaan heropen. Ons verwys nou na ons eie Omsendbriewe nommer 27 en 28 van 2021 en versoek dat almal dit weer sal bestudeer.

Die implikasie is dat ons nou, vanaf 19 Julie 2021, toetse aanlyn gaan skryf en versoek almal se samewerking in die verband. Volledige instruksies is in die bogenoemde omsendbriewe vervat. Eerskomende Vrydag gaan daar 'n toetslopie wees om te verseker dat almal weet wat om te doen en hoe dit werk. By voorbaat dankie vir die samewerking en ons wens al ons leerders sukses met die oorblywende vraestelle toe.

Ons sal die situasie monitor en in volgende week instruksie gee oor die week van 26 Julie se toetse.

Kovid.
Ons daaglikse syfers, met verwysing na postiewe gevalle waarvan ons bewus en, soos versoek, deurgegee is aan die skool, lyk aansienlik beter. Tabel aangeheg.

Hoërskool Randburg: Kovid-19-statistiek													
Dag		Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di
Maand		Junie/Julie					Julie						
Datum		28	29	30	1	2	5	6	7	8	9	12	13
Personeel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	13	13	13	13	13	14	14	14	14	14	14	
	Herstel van Kovid-19	11	11	11	13	13	13	13	13	13	13	14	
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	**2**	**2**	**2**	**0**	**0**	**1**	**1**	**1**	**1**	**1**	**0**	**0**
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	**4**	**4**	**4**	**5**	**5**	**3**	**3**	**3**	**1**	**1**	**0**	**0**
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	66	69	69	73	77	79	79	83	83	84	85	
	Herstel van Kovid-19	48	53	53	53	54	66	67	68	69	72	80	
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	**18**	**16**	**16**	**20**	**23**	**13**	**12**	**15**	**14**	**12**	**5**	**0**
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	**12**	**2**	**1**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**	**0**
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
TOAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	79	82	82	86	90	93	93	97	97	98	99	0
	Herstel van Kovid-19	59	64	64	66	67	79	80	81	82	85	94	0
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	**20**	**18**	**18**	**20**	**23**	**14**	**13**	**16**	**15**	**13**	**5**	**0**
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	**16**	**6**	**5**	**5**	**5**	**3**	**3**	**3**	**1**	**1**	**0**	**0**
	Komorbiditeit afwesig	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

Ons het die afgelope naweek verneem van die afsterwe, weens Kovid, van drie pa's van oud-leerders van ons skool.
Alexandra en Lara Steyn se pa, Kobus Steyn
Marlé van Zyl se pa, Noel van Zyl,
Christo en Tanya Abrie se pa, Joe Abrie.

Ons harte gaan uit aan hierdie gesinne met die afsterwe van hul pa's. Ons innige simpatie en medelye met die eggenote en kinders, familie en vriende van ons pa's. Mag ons Skepper julle elkeen in hierdie tyd dra en berusting en vrede bring. Mag mooi herinneringe oor hierdie spesiale mense wat ons verloor het, elkeen se hart vul.

Ons dink ook aan gesinne wie grootouers, vriende en ander familie verloor het. Ons is hartseer oor die impak van Kovid op so baie lewens en kan maar net bid dat hierdie pandemie verby sal gaan.

Intussen moet ons elkeen doelgerig by veiligheidsprotokol bly en alles doen om te verseker dat ons die risiko van infeksie, so menslik moontlik, probeer minimaliseer.

Goeie nuus is dat ons eie mev. Izelle van der Merwe tuis aansterk nadat sy vir 'n paar weke in die hospitaal was weens die geboorte van haar baba en Kovid. Sy is die naweek met haar baba herenig en dit was 'n baie mooi gesig. Laerskool Fairland se hoof, en ouer van ons skool, mnr. Willie Goosen is ook uit die hospitaal ontslaan en ons is baie verlig en dankbaar vir sy herstel. Al ons personeel wat die virus opgedoen het, het nou herstel en daarvoor is ons ook baie dankbaar.

'n Randjie gaan lê nooit. Ons moet midde die inperking en hartseer elke dag soek na geleenthede om 'n verskil te maak. Ons moet iets positief in elke dag kry en daaraan vashou. Ons moet ons Skepper in elke dag ken.

Ek sluit af met 'n stukkie van ons skoollied: **"Ons bid U Allerhoogste, ons in U Hand te dra."**

Groete.

P Booysen: Hoof